

## WYSIGINGSKODOKUMENT NOMMER 7

### DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK – PENSIOENFONDS

Besluit van die RAAD van die FONDS geteken te PRETORIA op 16 Augustus 2011.

Besluit dat vanaf 1 November 2007 word die volgende nuwe REËL 2.16; REËL 2.17; REËL 4.1 en REËL 4.2 by die bestaande PENSIOENFONDSREËLS bygevoeg:

#### **2.16 LAAT AFTREE DATUM**

2.16.1 Net LEDE wat vóór 1 September 1993 LEDE van die FONDS geword het mag LEDE van die FONDS bly ná NORMALE AFTREEDATUM totdat die WERKGEWER die LID se diens beëindig of die LID vrywillig aftree.

2.16.2 Alle voltydse leraars en personeellede wat ná 1 September 1993 LEDE van die FONDS geword het mag bly werk en lede van die FONDS bly totdat hulle die ouderdom van 70 jaar bereik. Die normale aftree-ouderdom bly steeds 65 jaar.

#### **2.17 LID**

2.17.1 'n WERKNEMER wat toegelaat is tot lidmaatskap van die FONDS in terme van die REËLS en wie nie opgehou het om 'n LID in terme van hierdie REËLS te wees nie, insluitend 'n WERKNEMER wat tydelik afwesig is van werk in terme van GEDEELTE 8. "LID" - waarookal dit in die REËLS voorkom sluit 'n KATEGORIE 1 - LID, KATEGORIE 2 - LID, KATEGORIE 3 - LID, KATEGORIE 4 - LID en KATEGORIE 5 - LID in tensy daar anders aangedui word.

##### **2.17.2 KATEGORIE 1 - LID**

'n LID van die FONDS wat vóór of op 1 September 1993 'n LID van die FONDS was en jonger as 50 jaar was op 1 Julie 2007.

##### **2.17.3 KATEGORIE 2 - LID**



'n LID van die FONDS wat vóór of op 1 September 1993 'n LID van die FONDS was en 50 jaar of ouer was op 1 Julie 2007 en op daardie tydstip 'n LID van die FONDS was.

#### 2.17.4 KATEGORIE 3 - LID

'n LID van die FONDS wat ná 1 September 1993 'n LID van die FONDS geword het en jonger as 50 jaar was op 1 Julie 2007.

#### 2.17.5 KATEGORIE 4 - LID

'n LID van die FONDS wat na 1 September 1993 'n LID van die FONDS geword het en 50 jaar of ouer was op was op 1 Julie 2007 en op daardie tydstip 'n LID van die FONDS was..

#### 2.17.6 KATEGORIE 5 - LID

'n LID van die FONDS wat ná 1 Julie 2007 'n LID van die FONDS geword het.

### 4.1 LOPENDE LEDEBYDRAES

4.1.1 'n KATEGORIE 1 – LID, 'n KATEGORIE 3 – LID en 'n KATEGORIE 5 – LID sal maandeliks 'n bydrae tot die FONDS lewer gelyk aan 7.5% van die BESOLDIGING.

4.1.2 'n KATEGORIE 2 - LID en 'n KATEGORIE 4 – LID sal maandeliks 'n bydrae tot die FONDS lewer gelyk aan 10.5% van die BESOLDIGING.

4.1.3 Indien 'n LID se lidmaatskap nie op die eerste dag van 'n maand begin is nie, is geen bydrae vir die maand waarin hy/sy LID word, deur die LID betaalbaar nie.

4.1.4 Die LID mag 'n addisionele bedrag tot die FONDS bydra, onderhewig aan die vooraf magtiging van die BELASTINGOWERHEDE.

### 4.2 LOPENDE WERKGEWERBYDRAES

4.2.1 Die WERKGEWER dra maandeliks 'n bedrag gelyk aan 12.5% van die BESOLDIGING van al die KATEGORIE 1 – LEDE, KATEGORIE 3 – LEDE en KATEGORIE 5 – LEDE tot die FONDS by; en

4.2.2 Die WERKGEWER dra maandeliks 'n bedrag gelyk aan 17.5% van die BESOLDIGING van al die KATEGORIE 2 – LEDE en KATEGORIE 4 – LEDE tot die FONDS by.


4.2.3 Indien 'n LID se lidmaatskap nie op die eerste dag van 'n maand begin is nie, is geen bydraes vir die maand waarin hy/sy LID word, deur die WERKGEWER betaalbaar nie.

4.2.4 Die WERKGEWER mag 'n addisionele bedrag tot die FONDS bydra ten opsigte van 'n LID, onderhewig aan die vooraf magtiging van die BELASTINGOWERHEDE.




Die rede vir die wysiging is die byvoeging van vyf kategorieë van LIDMAATSKAP

Dit word gesertifiseer dat hierdie besluit in ooreenstemming met die bestaande  
PENSIOENFONDSREËLS geneem is.




Voorsitter van die RAAD



Datum




Lid van die RAAD



Datum



Hoofbeampte



Datum